

28 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 4:1-9  
Fokusgedeelte: Filippense 4:2

### **Moenie veg nie, die Here is naby**

**E**uodia en Sintige het stry gekry. Hulle het albei alreeds hulle ywer vir die Here bewys. Hulle het saam met Paulus hard gewerk om die evangelie uit te dra. Paulus vermaan hulle openlik en roep hulle op om eensgesind te wees. Hulle eensgesindheid moet in die Here wees. Hoe kan hulle gehoor gee aan hierdie vermaning van Paulus?

Hoe kan twee mense wat met mekaar stry, weer vrede en eensgesindheid kry? Hulle moet begin om hulle doelbewus in die Here te verbly. Om jou in die Here te verbly, beteken jy maak tyd om te dink wie Hy is en wat Hy doen, en wat die nadenke beteken vir hierdie geveg waarin jy nou betrokke is. Hierby voeg Paulus nog 'n opdrag, naamlik dat hulle moet sorg dat almal hulle ken as vriendelike mense. Hierdie twee vegtende kinders van die Here moet begin om vriendelik teenoor mekaar te wees. Hierdie vriendelikheid mag egter nie maar aangeplak wees nie, dit moet voortvloei uit hulle kennis van die Here en in die besonder uit die wete dat die Here naby is.

Die Here is naby, daarom kan jy al jou worstelinge vir Hom vertel. Jy hoef nie soos 'n vasgekeerde diertjie met ander te veg vir jou reg nie. Die Here is naby. Hy sal jou reg handhaaf. Jy kan maar ontspan. Veg jy met iemand? Gebruik liever daardie energie om jou in die Here te verbly en bewus te bly van sy seënende, beskermende teenwoordigheid in jou lewe.

*Dr. Gert Breed (Randburg)*